View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Academy of Science of South Africa (ASSAf): Open Journal Systems

**Willie Burger**
Willie Burger is hoof van die Departement Afrikaans, Universiteit van Johannesburg.
E-pos: willieb@uj.ac.za

# "Ons kan maar net versin. En aan ons versinsels glo. Glo wat ander aan ons versin": Die herinnerde verlede in Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle*.

**The remembered past in Elsa Joubert's *Isobelle's Journey***

The experience of the passage of time and our attempts to remember the past is central in Elsa Joubert's *Die reise van Isobelle* (1995) (translated in English as *Isobelle's Journey*). In this novel memory and the importance of remembering is contemplated. The novel starts with the end of an era (the Victorian era – described as an era of "innocence" of which we can only recognise the "pattern" afterwards) and closes with the end of an era (the end of apartheid). The ending of two eras draws attention to the passage of time. Remembering the past is a flawed process, often brings a sense of loss, but also contributes finding a way of looking towards the future. In this article the problems with remembering and forgetting is traced in the novel, but also how memory brings new possibilities to confront an uncertain future of which the patterns are not yet discernable. The novel deals specifically with autobiographic memory and the way in which this kind of memory contributes to morality. Ways in which memory can be employed to engage meaningfully with the current situation are indicated. **Key words:** autobiography, Elsa Joubert, forgetting, *Isobelle's Journey*, memory.

## Tyd

"Daar is geen tyd". Só lui die titel van die eerste afdeling in Breyten Breytenbach se bundel, *Die windvanger* (2007). Die ontkenning van tyd; die erkenning van die probleem om te definieer wat tyd is, roep iets van Augustinus se Boek XI op waarin hy ook die vraag na wat tyd is, probeer beantwoord: "Wat dan is de tijd? Wanneer niemand het mij vraagt, weet ik het; wanneer ik het iemand, op zijn vraag, zou willen uitleggen, weet ik het niet" (Augustinus g.d.: 271).[1]

Die probleem is, volgens Augustinus, dat tyd nie "iewers" bestaan nie. Slegs hierdie moment bestaan. Die verlede, alles wat hierdie moment voorafgegaan het, bestaan immers nie nou meer nie. En die moment wat op "nóú" volg, bestaan ook (nog) nie. Die verlede is nie meer teenwoordig nie. Die toekoms is nog nie teenwoordig nie. Slegs die teenwoordige bestaan. Tyd as sodaning, bestaan nie. Ons kan tyd, volgens Breyten Breytenbach (2007: 11), net ken aan die veroudering van onsself:

tyd is die mens se vel
wat kraak en knetter en krimp
in die verbygaan van lewe



02 Burger 03.pmd 20 7/23/2008, 7:54 AM

Hy skryf ook ook:

[tyd is] in die krul van die blaar
in die duif se vlugtige
fladder-gebaar van grasieuse sterwe

Ons kan tyd slegs bedink, so het Augustinus geredeneer, omdat ons die vermoë het om nóú, in die hede, herinneringe te kan oproep en om verwagtings te kan koester. Slegs omdat ons herinneringe oor die verlede en planne vir die toekoms kan verwoord (vertel), kan ons tyd bedink en bespreek.

Ons dink ons meet tyd aan die beweging van hemelliggame – sonop en sononder – maar eintlik gebruik ons tyd om hulle bewegings te beskryf, hulle bewegings bepaal nie tyd nie. Ons praat van 'n lang tyd of kort tyd, maar eintlik is daar net 'n hede (Augustinus g.d.: 271–3). Die verlede en die toekoms bestaan nie "iewers" nie. Ek is nie nou iewers 'n kleuter en elders 'n pensionaris op 'n ander plek, presies soos ek was of gaan wees nie (soos wat dikwels in wetenskapfiksie voorgehou word). Daar is net die hede, die nou, en die verlede en die toekoms bestaan slegs nóú as herinnering of as verwagting. Daarom is tyd en ewigheid eintlik dieselfde. Gevolglik skryf Breyten dat tyd "die mens se vel wat kraak en knetter en krimp" is, of in die blaar se krul. Net omdat ons kan onthou dat die vel of die blaar ooit anders was, kan ons tyd bedink.

Die vermoë om te kan onthou, is dus betrokke by die mees basiese psigologiese ervaring wat 'n mens het, naamlik die ervaring dat ons deur tyd heen voortbestaan. Onthou het ook, juis daarom, 'n rol te speel in persoonlike identiteit. Die ervaring dat die "ek" van nou dieselfde "ek" is wat lank gelede iets beleef het, is immers aan my herinneringsvermoë te danke (vergelyk in die verband Ricoeur 1991).

Die geheue maak dit ook moontlik om die werklikheid te konseptualiseer: om konsepte te hê moet mens immers in staat wees om te kan onthou en om dieselfde situasie herhaaldelik te herken. Om kennis te hê, is die geheue noodsaaklik. Kennis lê in die onthou van vorige ervarings. Ons verstaan elke nuwe situasie deur dit in verband te bring met vorige situasies (wat ons in herinnering kan roep). Die geheue stel ons uiteindelik ook in staat (volgens Ricoeur 1992, 2004) om verantwoordelikheid te aanvaar vir ons eie handelinge en maak sodoende van ons morele subjekte.

Die ervaring van die verbygaan van tyd en pogings om die verlede onder woorde te bring is ook sentraal in Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* (1995). Dié roman is te nouste gemoeid met herinnering, met die wal gooi teen die verbygaan van tyd. Die roman begin met die einde van die Victoriaanse era. 'n Era wat later deur Leonora in 'n brief aan Frikkie beskryf word as 'n tyd van "onskuld" waarvan die "patroon" slegs deur nabetragting herken kan word (439–40).[2] Die afstand in tyd wat Leonora van hierdie Victoriaanse era het, maak dit moontlik om 'n patroon te herken en 'n oordeel daaroor te vel.

Die roman eindig ook met die einde van 'n era. Die patroon van die era van Afrikanernasionalisme kan eweneens herken word. Hierdie bewuste ervaring van die



02 Burger 03.pmd 21 7/23/2008, 7:54 AM

einde van twee eras vestig die leser se aandag die verbygaan van tyd, die verganklikheid van mense en hulle idees tot op die punt van weemoed. Met die bewustheid van alles wat verby gegaan het so sterk teenwoordig, word aan die einde ook 'n nuwe era betree. Een waarvan die patroon nog nie geken kan word nie. Die onsekerheid oor wat voorlê, lei tot nabetragting oor die verbygegane eras.

In *Die reise van Isobelle* word die moontlikhede wat herinnerings bied vir die manier waarop 'n mens aan die hede kan sin gee en 'n nuwe era kan binnegaan, ondersoek. Omdat die roman juis die outobiografiese herinnering ondersoek, lei dit tot 'n verkenning van moraliteit, tot 'n nadenke oor hom om in die hede op te tree, in die nuwe era wat aanbreek. Paul Ricoeur (1992) skryf immers: "How could a subject of action give an ethical character to his/her own life taken as a whole if this life were not gathered together in some way, and how could this occur if not, precisely, in a form of narrative."

Sonder herinnering is 'n begrip van tyd en die verstaan van die hede onmoontlik. Geert Mak gebruik as motto voorin sy magistrale werk oor herinnering, *De eeuw van mijn vader* (1999), 'n aanhaling uit *Het Keerpunt* van Klaus Mann: "Elke ogenblijk dat wij beleven dankt zijn zin aan het voorgaande. Tegenwoordige tijd en toekomst zouden zinloos worden, als de sporen van het verleden uit ons bewustzijn gewist waren. Tussen ons en het niets staat ons herinneringsvermogen, een problematisch en breekbaar bolwerk."

In hierdie artikel word ondersoek wat die aard van herinnering is en die rol van onthou en vergeet in die roman word bekyk. Uiteindelik word suggesties oor hoe sinvol onthou kan word uit die slot van die roman afgelei.

## Ontoeganklikheid van die verlede

Die ontoeganklikheid van die verlede word in Joubert se roman op verskeie maniere beklemtoon. Omdat, soos Augustinus daarop gewys het, die verlede nie bestaan nie, is die verlede ontoeganklik.

### *Die verlede is ontoeganklik omdat ons vergeet*

Die geheue is berug vir feilbaarheid. In *Die reise van Isobelle* is daar telkens aanduidings dat karakters sukkel om te onthou, en selfs dat hulle verkeerd onthou. Frikkie kan byvoorbeeld later nie onthou of dit sy pa of Herr Winterbach is wat vir hom gesê het dat fotografie *shrijven in licht* beteken nie (147). Vir die leser is dit nog vars in die geheue hoedat ds. van Velden dit vir hom verduidelik, presies vyftig bladsye vroeër (97).

Leonora, wat eintlik die geheue van die familie is en oor byna 'n eeu die foto's, dagboeke en ander dokumente bewaar, se geheue is ook nie betroubaar nie. Tannie Leonora is die bewaarplek van die familie se dagboeke, briewe en foto's. Albums en albums.



02 Burger 03.pmd 22 7/23/2008, 7:54 AM

> "Ek sal hulle bewaar, tannie," sê Leo. "Sê net vir my wie hierdie een is en daardie een …"
>
> Tannie Leonora onthou nie altyd nie. "My dear, I've forgotten their names, it was so long ago…" Jong meisies in lang wit rokke van moeselien […] (590).

### *Die geheue vergeet nie net nie – ook verdraai*

Die geheue word nie alleen deur vergeet in die wiele gery nie, maar herinneringe word deur sentiment verdraai. Wanneer Belle gedwing word om te getuig teen die oortreders van die ontugwet, gryp die "Transvaalse ooms" in om seker te maak dat hulle name uit die koerante bly. Wanneer hulle afskeid neem van Belle ná die hofsaak, deur haar in Arnold se hande te laat, verskuif die fokalisering vlugtig (en vir die enigste keer) na Arnold:

> Hy help haar uit die motor. Die ooms klim uit om haar op die voorkop te soen.
>
> "Al wat ons oorhet van ouboeta Stuart," sê oom Hendrik.
>
> Skoon vergeet dat hul ouboeta Stuart vir Jannie Smuts gaan veg het, dink Arnold. Hy besef: Hulle verdraai hul herinneringe, hulle is sentimenteel (416).

### *Die geheue steun op die argief*

Omdat die geheue feilbaar is, word dikwels ook gesteun op spore van die verlede wat steeds teenwoordig is. Hierdie spore van die verlede noem Ricoeur die argief (2004: 146 e.v.). Die verlede word gekonstrueer uit die argief. Die argief bestaan uit foto's, dokumente, bewaarde bronne. In *Die reise van Isobelle* word eksplisiet verwys na foto's, briewe, oorleweringe en familiestories.

> Agnes beny oom Hennie dat hy foto's het – 'n swaar album vol foto's. Die nut van foto's is dat dit die geheue kan steun:
>
> "Soms dink ek die dinge wat ek probeer onthou, bestaan net in my verbeelding. Of ek maak dit op." Sy vee weer haar neus af. "As ek net één kiekie gehad het." (178)

Die verteller beskryf die verlede as "in newels gehul" – ondeurdringbaar op enige manier anders as deur die argiefmateriaal. Die skutbladfoto word op bladsy 590 bespreek:

> Uit familiefoto's, uit enkele briewe wat bewaar gebly het, uit oorleweringe en familiestories dwing hierdie Bolandse jongmense van die laat neëntiende eeu om uit die newels na ons terug te keer. Beskermde Bolandse jongmense. Die jong vroue met klein ingegorde middeltjies, hoëhalsrokke en ewige chaperones, die mans met hooggeknipte onderbaadjies en "fly-away"-boordjies staar ons ernstig uit die foto's aan.
>
> Die kuis kleredrag, die streng formaliteite en norme wat hulle daaglikse gedrag bepaal, kan as getuienis aanvaar word dat hulle as kosbaar beskou is deur hulle aardse moeders en vaders. Waarskynlik het hulle ook kosbaar gevoel. En die soet gevoel van kosbaar te wees, was maklik oor te dra op die verhouding met die Hemelse Vader […]



02 Burger 03.pmd 23 7/23/2008, 7:54 AM

> Gebore en getoë op die aflopende gety van die groot godsdienstige herlewing in die Boland gedurende die laaste helfte van die laaste dekade van die eeu, is hierdie jongmense suiwer vlam vir die Here.
>
> Uit 'n brief van Emma aan Josias, kort voor hul troue, *My dearest one. Our Lord has made our hearts beat as one. May our lives be spent in His service*.
>
> En die skape buitekant die hemelse kraal? Want hulle was daar tog sekerlik ook. 'n Vader wat drink, 'n owerspelige moeder, 'n onbeheerde neiging tot die breë pad, of ongehude moederskap? Hieroor is daar, asof dit deur die gemeenskap woordeloos bepaal is, in groot mate geswyg. En die oortreders is eenvoudig uit die gemeenskapslewe uitgesluit.
>
> Eufemismes gedy in hierdie laat-Victoriaanse gemeenskap. Liggaamlike drange moet gesublimeer word… (7–8).

Die opvattings oor godsdiens en die laat-Victoriaanse gemeenskapsnorme word vanuit 'n veel later perspektief gekonstrueer uit foto's en briewe wat bewaar gebly het. Maar die tekortkominge van die argief word ook blootgelê: "Die skape buitekant die hemelse kraal" word byvoorbeeld verswyg uit die argiewe weens die aard van die destydse Victoriaanse gemeenskap wat eufemismes gebruik en wangedrag uitsluit – hulle word dus ook uit die oorlewerings en foto's weglaat. Die gevolg is dat sekere dele van die verlede (wat soos die liggaamlike drange gesublimeer is) deur bespiegeling gerekonstrueer moet word.

Die (ongeïdentifiseerde) verteller rekonstrueer dus die verlede bespiegelend aan die hand van die argief. Issy word oënskynlik na aanleiding van 'n foto beskryf: "Issy met 'n kamee aan haar styf geplooide swart kraag – deur wie aan haar geskenk, wanneer? – is 'n onontkombare teenwoordigheid in die huis" (11–2). Die verteller gee ook toe dat sekere tonele "denkbeeldig" mag wees:

> Hierdie toneel, moet erken word, mag denkbeeldig wees. Wat feit is, want dit is opgeteken, is dat in die eerste helfte van 1901, toe die oorlog op sy haglikste was, die konsentrasiekampe op hulle wreedste, en Pretoria reeds byna 'n jaar lank deur die Britte beset, die vise-konsul van Frankryk 'n reispermit can die Britte verkry het vir 'n vrou en haar vier weke oue baba, en dat die vrou, "of Dutch/Boer extraction", en die baba uit Pretoria afgereis het Kolonie toe.
>
> Ook dat, want dit is desgelyks opgeteken, die terugtrekkende Boerekommando's ongeveer tien maande tevore, in Mei 1900, verhonger, vermoeid en verslae deur Pretoria teruggeval het, 'n dag of wat daar kon vertoef by geliefdes, 'n halfdag kon uitrus, bemoedig deur die vertroostende arms van hulle medelydende eggenotes, en toe weer vort is […] (21).

Hoewel daar dus sekere "feite" opgeteken is, "moet erken word" dat die toneel wat hierdie erkenning voorafgaan, waarvolgens Irma Greylinck 'n buite-egtelike verhou-



02 Burger 03.pmd 24 7/23/2008, 7:54 AM

ding met die Franse vise-konsul sou hê, denkbeeldig is. Die erkenning word onderlê deur ten minste twee aannames: (a) dat al die ander beskrywings nie denkbeeldig is nie, maar eerder die "waarheid" en (b) dat daar "feite" is wat ongeïnterpreteerd, waar en seker is, omdat dit "opgeteken" is.

Hierdie gemaklike onderskeid tussen "feite" en "verbeelding" is egter moeilik om vol te hou. Word die verlede immers nie in die hede teenwoordig gestel slegs deur die verbeelding nie? Breyten Breytenbach het in *Papierblom* (1998) dit treffend verwoord deur te sê: "om te onthou, is om te verbeel" en dan skep hy die woord "ek ontbeel jou". Dié woord trek onthou en verbeel saam (en roep boonop iets op van die verlede wat ontbeer word).

Ook volgens Ricoeur (2004: 5–55) in *Memory, History, Forgetting* is die moeite om te onderskei tussen herinnering en verbeelding een van die eerste probleme met herinnering. Om te onthou, is 'n besonder komplekse proses waarin geheue, emosie, verbeelding nie te onderskei is nie. Neurologiese navorsing dui daarop dat hoewel sekere dele van die brein veral met sekere vorms van geheue verbind kan word, 'n hele komplekse interaksie van verskeie dele van die brein op geïntegreerde wyse, eerder as slegs op enkele plekke in die brein (stoorplek), herinnerings moontlik maak (vergelyk Damasio 2006).

Mense beweer hulle onthou ervarings en waarnemings, maar in ondersoeke is al aangetoon hoe onbetroubaar hierdie herinnerings is. (Ulrich Neisser [2006] skryf byvoorbeeld oor 'n groep studente wat net na die Challenger-ongeluk gevra is waar hulle was toe hulle daarvan gehoor het. Vyf jaar later is dieselfde vraag aan dieselfde studente gevra. Hulle weergawes het drasties verskil, hoewel hulle almal oortuig was daarvan dat hulle die waarheid praat oor wat hulle onthou.) In *Die reise van Isobelle* word telkens verwys na herinneringe, ook hoe herinneringe vervaag: Ds. Josias van Velde dink met spyt hoe die oomblik wat hy in die tent in die konsentrasiekamp ervaar het, vervaag; Emma sukkel later om die herinnering aan gepaardgaande emosies toe sy die eerste keer vir Josias gesien het, op te roep en Oom Hennie worstel met die herinnerings aan sy roeping tot die sendingveld (183).

Sonder hierdie onbetroubare herinneringe is egter geen geskiedenis moontlik nie. Die verlede kan immers slegs aan die hand van herinneringe en argiewe gerekonstrueer word. Maar soos hierbo aangedui, is hierdie herinneringe dikwels onbetroubaar, die argiewe is onvolledig, die argiefstukke is reeds geïnterpreteer en word deur die bril van die hede bekyk.

Die laaste stukkie van die aanhaling hierbo het ek nie ingesluit nie, maar kyk daarna hoe die feite wat "desgelyks opgeteken is" so beskryf word:

> die terugtrekkende Boerekommando's ongeveer tien maande tevore, in Mei 1900, verhonger, vermoeid en verslae deur Pretoria teruggeval het, 'n dag of wat daar kon vertoef by geliefdes, 'n halfdag kon uitrus, bemoedig deur die vertroostende arms van hulle medelydende eggenotes, en toe weer vort is – sommige om te sterf,



02 Burger 03.pmd 25 7/23/2008, 7:54 AM

ander om oplaas hande in die lug te gooi, mausers op die grond, en oor te gee, party om tot die bitter einde aan te hou veg (21).

Hier is van nugter "feit" wat neutraal waargeneem en opgeteken is, kwalik sprake: "die bitter einde", die arms van medelydende eggenotes die bemoediging deur vertroostende arms, die hande in die lug en die mausers op die grond is daarvoor net te emosiegelaai, is reeds dramaties aangebied, byna teatraal.

Die argief is dus nie sonder meer neutraal nie, herinnerings nie onbetwisbaar nie. Die rol van die verbeelding in die uitbeelding van die sogenaamd feitelike gebeurtenis, is duidelik.

Dat herinnering altyd gepaard gaan met emosies en nie sonder meer die kil, neutrale oproep van indrukke is nie, blyk onder meer uit ds. van Velde se nadenke oor die verskil tussen die trauma van die Groot Griep en die trauma van die Anglo-Boereoorlog:

> Die sterftes van die Boer-oorlog minder as twee dekades tevore – seweduisend krygers gesneuwel, sewe-en-twintigduisend vroue en kinders in die kampe, veertienduisend swartes in hulle eie konsentrasiekampe, twee-en-twintigduisend Britte (sonder om die imperiale of koloniale ongevalle by te tel) oor 'n tydperk van drie jaar – kom gering voor as dit gestel word teenoor die honderd-en-veertigduisend griepsterfgevalle landswyd binne vier tot ses weke. Só peins dominee Van Velde in sy studeerkamer in Worcester toe hy jare later met sy uittrede koerantknipsels van destyds uitpak en stukkend skeur. Maar wie dink vandag nog aan die griep, terwyl Boereoorlogstories die harte steeds week maak, leiers nog steeds uitroep om vergelding? (107)

**Representasie van die verlede**

Die konfrontasie tussen Irma en die Franse vise-konsul, wanneer sy hom vertel dat sy swanger is en hy besef dat die kind moontlik nie sy kind is nie, word breedvoerig beskryf, en dit word dan gevolg deur die paragraaf wat lui:

> Stel ek my dit alles te teatraal voor? vra Leonora, Emma se dogter, haar af, twee dekades later toe die storie van die oorlogsromanse en bevalling in Pretoria in die Worcester-pastorie vertel word; toe sy die ene ore luister; toe sy met die streep wederstrewigheid in haar wat later so opmerklik sou word, leedvermakerig begin simpatie voel vir die owerspelige Irma. (28)

Hiermee word die volgende bereik: die voorafgaande vertelling is nie meer dié van 'n ongeïdentifiseerde (eksterne) verteller nie, maar van een van die karakters. Die verhouding tussen die vise-konsul en Irma en die uiteindelike konfrontasie waartydens sy 'n permit kry om Kaap toe te trek, is dus nie die verbeelding van die ekstradiëgetiese



02 Burger 03.pmd 26 7/23/2008, 7:54 AM

verteller nie, maar die verbeelding van Leonora. Die status van hierdie vertelling, die betroubaarheid daarvan, word afgeskuif op 'n karakter wat erken dat dit "voorgestel" word en dat dit nie "feit" is nie.

In die daaropvolgende paragraaf word die karakter, Leonora, se vraag aan haarself egter ook beantwoord en een van die probleme van herinnering, van pogings om die verlede voor te stel, word daardeur aan bod gebring:

> Maar hoe anders kan ek my iets voorstel wat gebeur het in 'n tyd voordat ek bestaan het? dink sy. En die skrikwekkende gedagte tref haar: Hoe juis kan ons ons enigiets voorstel? Selfs dit wat met onsself gebeur. Kan ons die harte van dié wat naaste aan on is, ooit peil? Hier in die pastorie by my: Aunt Issy, Stuart, Father […] Ons kan maar net versin. En aan ons versinsels glo.
>
> En dan, soos 'n uitkoms, die gedagte: Glo wat ander aan ons versin. Wat die Toverlantaarn ons wys. (28)

Die wanhoop word hier uitgespreek dat enige voorstelling van die verlede, hetsy 'n veraf verlede, hetsy 'n eietydse belewenis, altyd "versinsel" is. Die probleem met enige voorstelling (hoe juis kan ons ons enigiets voorstel? Selfs wat met onsself gebeur.") is dat dit wat voorgestel word, in wese eintlik onbekend bly. Ons kan nie eens dié wat die naaste aan ons is se harte ooit ken nie.[3] Daarom is alle kennis – selfs van ons eie tyd, van my eie ervaring, reeds versinsel.

Wat egter verder strek, is dat ons in ons versinsels glo, asof dit die waarheid is. Dat daar eintlik geen ander uitkoms is nie – dit is al wat ons kan doen om die wêreld aan onsself verstaanbaar te maak.[4]

Leonora voeg egter by dat versinsels nie slegs ons eie hoef te wees nie. En met verligting ("soos 'n uitkoms") voeg sy ook by dat mens kan glo wat ander aan mense versin. Die gedagte dat ons ook ander se versinsels het, nie slegs ons eie nie, herinner aan Ricoeur se idee dat ons opvattings oor die verlede, ons herinnerings, ten spyte van die onbetroubaarheid daarvan en al die probleme daarmee, nie sonder meer onwaar is nie, maar dat ons die diskoers uiteindelik ook toets aan ander se diskoerse – en dit dan voorlopig aanvaar as die waarheid, eerder as om moedeloos tou op te gooi oor die onbetroubaarheid van die geheue, want, soos Ricoeur dit stel, is die geheue miskien wel 'n onbetroubare getuie oor die verlede, maar dit is al getuie wat ons het.

### Die aard van herinnering: individueel / gedeel

Daar kan veral onderskei word tussen twee soorte herinneringe: 'n *individu se herinneringe* aan wat hy/sy gedoen of ervaar het en herinneringe wat individue deel met 'n groep (Ricoeur 2004: 396–7). Hierdie *gedeelde geheue* gee vir die individu toegang tot gebeurtenisse uit die verlede. Die kollektiewe geheue gaan die individuele herinneringe vooraf. So word elke kind in die gesin gebore binne die familie se diskoers. Al



02 Burger 03.pmd 27 7/23/2008, 7:54 AM

die kinders van ds. van Velde word byvoorbeeld van kleins af grootgemaak met die verwysing na die sendeling se preek waarin hy die beeld gebruik dat almal die water moet skep. Hierdie preek het so 'n deurslaggewende indruk gemaak op oom Hennie dat hy sendeling word. En die stories oor sy sendingervarings, veral die leeuaanval, is deel van die agtergronddiskoers waarin al die kinders groot word. Hulle word as't ware omring deur hierdie stories groot, soos die artefakte en diervelle uit Afrika in die pastorie op Worcester hulle van kleins af omring.[5]

Die familievertellings gaan dus elke individu vooraf. Die onsekerheid oor haar eie identiteit word vir Agnes bepaal daardeur dat sy haar persoonlike herinneringe met niemand kan deel nie. Sy het nie eens 'n foto nie, kla sy by oom Hennie. Sy het slegs vae herinneringe wat sy nie kan versterk deur dit te knoop aan die kollektiewe herinneringe van 'n familie, of selfs 'n groep nie.

Individuele herinneringe kry hulle vorm teen die agtergrond van hierdie gedeelde herinneringe – wat vir Agnes nie beskore is nie. Ten spyte van die gedeelde herinnering wat die individu se herinneringe bepaal, berus die gedeelde herinnering ook op 'n individu se verslag oor 'n ervaring. Die uitganspunt is dus dat iemand iets waargeneem of ervaar het en dit akkuraat vertel. Die aanname bevestig ook die vertroue in 'n groep onderling. Dit word vir die familie Van Velde al moeiliker om die vertroue te behou omdat dit so moeitlik is om 'n enkele verhaal oor die verlede te vertel.

Uiteindelik geld die omgekeerde natuurlik ook. Dit is uit individuele herinnerings, uit die getuienis van individue, wat die kollektiewe herinnering ook opgebou word. Hierdie kollektiewe herinnerings is ook nie bloot die kollektiewe herinnerings van die gesin nie, dit is ook die volk se herinnerings. Reg van die begin af word die herinneringe van individue gekoppel aan die afloop van 'n groter geskiedenis. Ds. van Velde se ervaring van die konsentrasiekampe, die teregstelling van die rebelle, die dood van koningin Victoria en die uitbreek van die eerste wêreldoorlog. Telkens word hierdie gebeurtenisse onthou, nie alleen aan die hand van die algemene geskiedenis nie; nie die statistiek nie, maar die individuele – soos Leo uiteindelik besef as sy Barry probeer oortuig om in die land te bly (552). Die konsentrasiekampervaring is nie die dood van 27 000 vroue en kinders nie maar van die dood van 'n spesifieke vrou in 'n spesifieke tent en ds. van Velde se reaksie daarop. Die Groot Griep word nie onthou as 140 000 sterftes nie maar as die sterwe van Vicky en Mother (107). Die ervaring van die 1938-herdenking van die Groot Trek is nie een van grootse euforie alleen nie, maar Belle se fakkelloop en Agnes se seksuele ervaring by die Voortrekkermonument.

**Politiek en godsdiens**

Die kollektiewe herinnering in Isobelle berus veral op twee pilare, naamlik godsdiens en nasionalistiese ideologie. Ds. van Velde bepleit 'n "waansin vir God". Oom Hennie



02 Burger 03.pmd 28 7/23/2008, 7:54 AM

word byvoorbeeld sy passie vir die sendingsaak beny. Aan die ander kant staan Van Velden sterk pro-Boer-gevoelens wat hom vervreem van sy vrou, sy kind Victoria, sy seun Stuart. Braampie word as held beskou weens sy passie vir die Boerevolk.

Die roman beeld die nasionalisme van die "Transvaalse broers" byna karikatuuragtig uit. Uiteindelik loop die waansin vir die volk vir hulle almal skeef: Oom Hendrik besef dat as hy kinders sou gehad het, hy nie sou wou hê hulle moet in sy voetspore volg nie: "Sou hy wou, as hy ′n seun gehad het, dat dié in sy voetspore moes volg? Die gedagte gee hom pyn. Nee. Honderd maal nee. Self kan hy maar net voortgaan, voortstrompel sonder Mammie. Sy oë skiet vol trane" (530). Robert is eweneens ongelukkig. Hy besef dat Frikkie, die broer waarop almal eintlik neergesien het, in der waarheid beter gedoen het as hulle (523): "God, dink Robert, is dít waar my lewe in diens van die volk my moes bring? Fok dan die hele volk. Los net vir Bennie. Bennie praat nie met hom nie, nie eens in die sel nie" (532). Hy sien ook "Phillip het nie meer sy hart in die volksaak nie, nie vandat hy nie vir die Presidentsraad gekies is nie. En hom dit verkwalik dat hý daarin is." (532)

Hieruit blyk dat ′n era aan die verbygaan is. Die broers het nie alleen hulle lewens gewy aan die saak nie, hulle voel nou al drie verraai. Die volgende geslag het geen erg aan hulle ideologiese waansin nie: Barry verhuis na Kanada, Bennie is tydens diensplig gearresteer oor onsedelikheid, die kinderlose Hendrik sou nie sy seun in sy voetspore wou hê nie.

Dit is weer eens, soos Leonora besef oor die Victoriaanse tyd, nou moontlik om terug te kyk na die apartheidsera, die nasionalisme, en daarin die patroon raak te sien.

Leo is in staat daartoe om die patroon raak te sien. Dit lyk asof sy loskom van die las van die verlede deur te vergeet. As sy nog die rok van Agnes wil hou – ′n rok wat Agnes as kleinood bewaar het, haar herinnering aan die een keer toe sy ′n identiteit gehad het, "soos iemand gevoel het" – dring Leonora daarop aan dat die rok eerder weggegooi moet word. Leonora besef ook, mens kan die "jongmense nie opsaal met die verlede nie" (497).

Leo laat die twee pilare wat deurgaans vir almal gedien het om die stories bymekaar te hou (politiek en godsdiens) vaar. Leo gaan nie kerk toe nie (sy ken nie die psalms en gesange nie en weier om "gekerk" te word – dring daarop aan om "gemagistraat" te word), en sy verwerp die vorige generasies se nasionalisme.

Die roman laat egter nie so ′n eenvoudige oplossing toe nie. Alles kan nie maar net vergeet word nie. Dit gaan oor die manier waarop onthou word. Leonora trek immers wél in haar "ouma" se huisie (wat sy ge-erf het van juffrou Marais wat moontlik haar ouma Agnes se regte moeder was) in en bevestig sodoende haar bewustheid van die geskiedenis. Maar sy verander die huis dadelik. Waar dit in die tyd van haar ma nooit oopgemaak is nie, maak sy alles oop en gooi die meubels uit. Sy behou wel sekere foto's, briewe en dokumente, selfs die klavier, wat daarop dui dat die skoonmaakproses nie ′n algehele vergeetproses is nie. Sy preserveer nie die verlede in Agnes se toe



02 Burger 03.pmd 29 7/23/2008, 7:54 AM

huisie nie, sy gooi oop en gooi uit. Die foto en laaste brief van die Kaapse rebel Braampie (moontlik haar oupagrootjie) word nie meer prominent uitgestal op die klavier nie, al word dit in bewaring gehou deur Leonora (en later weer deur haar). By Leo is die herinnering is nie meer soos juffrou Marais en Agnes se vasklou aan die rebel op 'n manier wat herinner aan Todorov (1999) se idee van "sakralisering van die verlede" nie.

Leo voel dat sy 'n soort verantwoordelikheid teenoor die voorgeslagte dra. Maar sy ervaar dit nie as las nie: "Tog voel dit vir haar dat sy 'n soet gewig, 'n soet verantwoordelikheid, in haar liggaam dra. 'n Verantwoordelikheid teenoor die geslagte wat verby is en die geslagte wat kom" (616).

Dit is met hierdie verantwoordelikheidsgevoel teenoor die vorige en die volgende wat die moraliteit van onthou ter sprake kom. Sy neem immers die bokse foto's van Leonora oor. Sy word die argief van die familie. En daarmee word die verantwoordelikheid teenoor die vorige geslagte haar verantwoordelikheid – die eras mag verby wees, maar hulle is nie afgehandel nie.

Leo vind in al die representasies van die verlede steeds die passie, die waansin wat noodsaaklik vir 'n mens is. Nou is dit egter nie 'n passie vir die volk nie (soos die ooms) en nie 'n passie vir God in 'n verwyderde hemel wat slegs in 'n visioen geopenbaar word nie (soos Emma) maar 'n passie vir ander mense – vir medemenslikheid, vir 'n diskoers van nie-uitsluiting.

Dit bied dus 'n ander manier van kyk na die verlede – sonder sekerheid – soos ook die kyk na die toekoms sonder sekerhede is. Heilna du Plooy het eens dit gehad oor die positiewe slot van *Die reise van Isobelle*, en dit is inderdaad 'n positiewe slot. Die rede daarvoor lê in Leo se omarming, nie van 'n herontdekte identiteit in die geskiedenis – soos vir Agnes en vir die Transvaalse ooms nie, ook nie die omarming van 'n ideologie, 'n dogma, 'n sendingywer, geroepe deur God soos oom Hennie nie. Sy laat haar nie lei deur utopiese ideale van 'n hemelse visioen of 'n aardse heersersvolk nie. Sy laat haar nie eers mislei deur 'n nuwe idealisme nie (sy is reeds ontnugter deur die moontlikhede van die nuwe Suid-Afrika nadat die bus waarin sy was byna deur die betogers aan die brand gesteek word).

Sy neem nie die pad van 'n seker roeping (soos die dominee of oom Hennie nie). Leo verwerp ook die soort politieke besluite wat bloot berus op die berekening van die koste, op ekonomiese berekenings (soos Barry en Fred, wat altwee besluit om die land te verlaat). Verder onttrek sy haar ook nie aan die politiek soos wat haar ma gedoen het nie – in die wêreld van flieks of TV-sepies.

Al vier hierdie moontlike reaksies op die sosiale realiteit, naamlik utopiese ideale, religieuse roepings, ekonomiese metodes of onttrekking word deur Ricoeur as uitsluitende politieke reaksies beskryf. Enigeen wat politiek op hierdie maniere bedryf, sluit ander uit van 'n moontlike politieke bedeling. Elke uitsluiting gee mag aan die ingeslotenes ten koste van die uitgeslotenes.



02 Burger 03.pmd 30 7/23/2008, 7:54 AM

Leo probeer insluit – so veel moontlik – daarom gee sy ten slotte ook die volle naam aan haar kind. Leo weet die huidige situasie is broos en veranderlik. Sy besef daar is nie ’n vaste program vir die toekoms nie – maar ook nie slegs ’n wankele ewewig nie. Aan die einde roer iets in haar geheue wanneer die vrou die datum verbydraai na 31 Februarie. Die herinnering is uiteraard van haar ma, Belle, wat eens die almanak in Parys op dié datum gesien het en toe gedink het aan die moontlike anderkant die onmoontlike – sy onthou dit immers: en dit wys daarop dat die geheue belangrik is vir die moontlikheid van die toekoms. Hoe wyer en dieper die herinnering – hoe beter die verwagtingshorison vir die toekoms?

**Aantekeninge**

1. ’n Eerste weergawe van hierdie artikel is as ’n lesing gelewer by die Elsa Joubert-seminaar van die Departement Afrikaans, Universiteit van Suid-Afrika op 23 Augustus 2007.
2. Bladsynommers tussen hakies, sonder outeur of publikasiedatum, verwys na Elsa Joubert se roman *Die reise van Isobelle* (1995).
3. Hierdie opvatting kom al vroeg in Joubert se werk voor. Die slot van Joubert se vroeë reisverslag, *Die verste reis* (1959), lui immers: “die verste reis wat ’n mens kan maak, is van mens tot mens, deur die hart”.
4. Vergelyk byvoorbeeld Agnes wat aan die vrou in die losieshuis in die Kaap probeer verduidelik hoe sy na haar werklike ma soek. Nadat sy alles vertel het, sê sy: “Ek dink dit is alles versinsel, maar ek moet weet. Die mense wat my geneem het, glo die storie; ek nog nie. Ek weet nie of ek dit ooit sal kan glo nie. Maar as ek dit nie glo nie, sal dit my altyd pla. Wie is ek dan? Het my eie ma oor my gelieg?” (127)
5. Die gesin se aanvaarding van Agnes berus byvoorbeeld op die kollektiewe herinnering wat hulle koester oor oom Hennie se sendingervaring. Hulle assosieer haar met Oom Hennie se sendingveld.

**Bronnelys**

*Augustinus’ Belijdenissen*. G.d. Vertaling en Inlijding van Dr. A. Sizoo. Delft: Naamloze Vennootskap W.D. Meinema.

Breytenbach, Breyten. 1998. *Papierblom.* Kaapstad: Human & Rousseau.

_____. 2007. *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Damasio, Antonio. 2006. *Descartes’ Error*. London: Vintage Books.

Joubert, Elsa. 1959. *Die verste reis.* Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel.

_____. 1995. *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg.

Mak, Geert. 2006 [1999]. *De eeuw van mijn vader.* Amsterdam: Olympus.

Ricoeur, Paul. 1991. Narrative Identity. *Philosophy Today* 35 (1): 73–81.

_____. 1992. *Oneself as Another*. Trans. Kathleen Blamey. Chicago: Chicago University Press.

_____. 2004. *Memory, History, Forgetting*. Chicago: Chicago University Press.

Todorov, Tzvetan. 1999. Misbruik van de herinnering. *Raster 88*. Amsterdam: De Bezige Bij.

Winograd, E. & Neisser, U. (eds.). 2006. *Affect and Accuracy in Recall: Studies of “flashbulbs memories”*. Cambridge: Cambridge University Press.



02 Burger 03.pmd 31 7/23/2008, 7:54 AM